Northern Cape
Department of Education

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# HERSIENING

## TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## LEERDERGIDS

## Graad 10-12

## 2017

ensuring quality learning and teaching for all

HIV/AIDS is everyone's concern

# INHOUDSOPGAWE

Studieprogram ..... 3
Die samestelling van Vraestel 1 ..... 4
Afdeling C: Taalstrukture en –konvensies (in konteks) (Vraag 3-5) ..... 4
Die inhoud van Taal in konteks ..... 4
Reëls by die beantwoording van Taalstrukture- en konvensies ..... 4
Die advertensie (10 punte) ..... 5
Hoe om advertensies te ontleed. ..... 5
'n Voorbeeld van hoe jy 'n advertensie lees ..... 6
OEFENING 1 ..... 6
OEFENING 2 ..... 8
OEFENING 3 ..... 9
Strokiesprent (10 punte) ..... 10
'n Voorbeeld van hoe jy 'n strokiesprent lees ..... 11
OEFENING 5 ..... 11
OEFENING 6 ..... 12
OEFENING 7 ..... 13
Artikel en prent (20 punte) ..... 14
OEFENING 8 ..... 15
OEFENING 9 ..... 18
Taalstrukture en –konvensies - inhoud wat ek moet ken ..... 21
Ietsie om te leer ..... 21
Die tye: verlede tyd, teenwoordige tyd en toekomende tyd ..... 22
Lydende en bedrywende vorm (Passive and active voice) ..... 24
Direkte en indirekte rede *(Direct and indirect speech)* ..... 25
Idiomatiese woordgebruik (Konnotatiewe betekenis) ..... 27

## Studieprogram

| DAG | DATUM | INHOUD | Bladsy |
|---|---|---|---|
| Dinsdag | | | |
| Woensdag | | | |
| Donderdag | | | |
| Vrydag | | | |
| Saterdag | | | |
| Sondag | | | |
| Maandag | | | |
| Dinsdag | | | |
| Woensdag | | | |
| Donderdag | | | |
| Vrydag | | | |
| Saterdag | | | |
| Sondag | | | |
| Maandag | | | |
| Dinsdag | | | |
| Woensdag | | | |
| Donderdag | | | |
| Vrydag | | | |
| Saterdag | | | |
| Sondag | | | |
| Maandag | | | |
| Dinsdag | | | |
| Woensdag | | | |
| Donderdag | | | |
| Vrydag | | | |
| Saterdag | | | |
| Sondag | | | |
| Maandag | | | |
| Dinsdag | | | |
| Woensdag | | | |
| Donderdag | | | |

## Die samestelling van Vraestel 1

Vraestel 1 bestaan uit **DRIE AFDELINGS** naamlik:

| AFDELING A | AFDELING B | AFDELING C | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Leesbegrip | Opsomming | **Taal** | |
| 30 punte | 10 punte | **40 punte** | 80 |

In Vraestel 1 moet jy al die vrae beantwoord. Ons gaan egter hier slegs op AFDELING C, Taal, konsentreer.

## Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (in konteks) (Vraag 3-5)

Drie vrae sal handel oor:
- Woordeskat en taalgebruik
- Sinstrukture
- Kritiese taalgebruik.

## Die inhoud van Taal in konteks

- Advertensietegnieke
- Spelling, skryftekens en leestekens
- Woorddele en die betekenis daarvan
- Woordvorming en woordeboekgebruik
- Homonieme, homophone en paronieme
- Meervoud, verkleining, trappe van vergelyking en intensiewe vorme
- Woordsoorte, ontkennende vorm
- Tyd en wyse, lydende en bedrywende vorm
- Direkte en indirekte rede, die enkelvoudige sin
- Saamgestelde en veelvoudige sinne
- Bepalings, bysinne en sinsuitbreiding
- Nuutskepping, kontaminasie, pleonasme en analogie
- Denotasie, konnotasie, geïmpliseerde betekenis, stereotipering, gevoelstaal, oorredings- en manipulerende taal

## Reëls by die beantwoording van Taalstrukture en -konvensies

- SPELLING
    - Spel korrek om te voorkom dat jy onnodige punte verbeur.
    - In volsinne moet die spelling korrek wees, veral as dit binne die taalstrukture wat getoets word voorkom.

- SINSTRUKTURE
  Sinstrukture moet grammatikaal korrek wees en in volsinne aangebied word.

- Wanneer meervoudigekeuse-vrae gevra word, word slegs die letter of slegs die korrekte antwoord aangebied. **Volg asseblief die instruksies.**

## Die advertensie (10 punte)

### Hoe om advertensies te ontleed.

Die **advertensie** is **Vraag 3** in Vraestel 1.

Wanneer ons met advertensies te doen kry, moet ons weet ...

- hoe om ’n advertensie te benader.
- hoe om verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering te toon.
- om vra te vrae ten einde voorspelligs te maak.
- om tekste te vluglees:
  - deur titels te identifiseer.
  - inleidings te identifiseer.
  - eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te identifiseer.
  - om ondersteunende besonderhede in tekste d.m.v. soeklees op te spoor.

Jy moet in staat wees om die volgende vrae te beantwoord:

- Wat sien jy in die advertensie?
- Is dit ’n produk of diens wat geadverteer word?
- Wat is die verband tussen die gedrukte teks en die grafiese tekste? (sketse, foto’s, illustrasie, ens.)
- Wie is die teikenmark op wie die advertensie gemik is? Vir wie is die advertensie bedoel?
- Wat is die basiese uitleg van die advertensie? Hoe word die verskillende komponente gerangskik?
- Wat sien jy eerste raak?
- Wat is op die voorgrond?
- Wat kan jy uit die agtergrond aflei?
- Watter grafiese beeld word gebruik om ’n spesifieke boodskap oor te dra?
- Watter spesifieke diere/mense/voorwerpe/beelde word gekies?
- Wat is opvallend t.o.v. lettergrootte en plasing van sekere woorde?
- Watter tegnieke word gebruik om die leser se aandag te trek?
- Is daar ’n trefsin of slagspreuk?
- Watter oorredingstegnieke word gebruik?
- Word daar “’n belofte” gemaak dat jy baie “spesiaal” sal voel as jy die produk gaan koop?
- Skryf ’n voorbeeld neer en dui aan of jy as leser oorreed is. Motiveer jou antwoord.

## 'n Voorbeeld van hoe jy 'n advertensie lees

**Wat sien jy?**

'n seuntjie/jong kind
- Kind se gesigsuitdrukking dui op ongelukkigheid: hartseer oë en saamgeperste mond

statistiek om die leser te skok

Naam van die maatskappy/ vereniging

Die leuse van die maatskappy/vereniging




Die leesteken (.) word dubbel geskryf (in woorde en as teken).

**Wat sien jy?**

Hoofopskrif:
- in grootdruk – om te beklemtoon
- uitroepsin
- negatiewe boodskap

retoriesie vraag = emotiewe taal

swart en wit agtergrond – kleur dui op hartseer en onveiligheid

'n manier om kindermishandeling te stop

kliek dui op modernetegnologie

## OEFENING 1

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.




1.1 Waarom is "Ek haat jou!" vetgedruk en in groot letters geskryf? (1)

1.2 Waarom, dink jy, volg daar 'n uitroepteken na "Ek haat jou!"? (1)

1.3 Watter statistiek vind die leser in die advertensie? (1)

1.4 Wat is die funksie van die statistiek wat gegee word? (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die vraag, "Kan jy help?" is 'n ...

A retoriese vraag.
B lastige vraag.
C moeilike vraag.
D sensitiewe vraag. (1)

1.6 Wat beteken dit om kindermishandeling met 'n "kliek" te stop? (1)

1.7 Die kind voel hartseer.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.8 Hoe dra die swart agtergrond by tot hoe die kind voel? (1)

1.9 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

"Stop wreedheid teenoor kinders. **PUNT.**"

Die vetgedrukte punt dui aan dat die adverteerder ...

A sy standpunt gemaak het.
B niks te sê het nie.
C die advertensie afsluit.
D wil sê dat die leesteken na die sin volg. (1)

1.10 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
**[10]**

**OEFENING 2**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.




2.1.1 Is dit 'n produk of diens wat geadverteer word? (1)

2.1.2 Motiveer jou antwoord. (1)

2.2 Waarom, dink jy, noem JD vir homself "die nutsman"? (1)

2.3 Waarom is die woorde "IN" en "OM" in hoofletters geskryf. (1)

2.4 Gee EEN manier waarop jy die nutsman kan bereik. (1)

2.5 Skryf EEN woord neer wat vir ons sê dat die nutsman se pryse nie te hoog is nie. (1)

2.6 Skryf die afkorting, **ens.** voluit. (1)

2.7 Hoe sluit die visuele en die geskrewe teks by mekaar aan? (1)

2.8 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

2.9 Wat oorreed die teikenmark om van die nutsman se dienste gebruik te maak? (1)
**[10]**

**OEFENING 3**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.




Bron: Internet (vertaal)

3.1 Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? (1)

3.2 Vul 'n gepaste VOORNAAMWOORD in om die sin te voltooi.

... moet jou oë op die pad hou wanneer jy bestuur. (1)

3.3.1 "DINK OOK AAN JOU EIE ..."

Watter soort sin is die bostaande sin.

3.3.2 Waarom dink jy gebruik die adverteerder daardie soort sin? (1)

3.3.3 Op watter TWEE maniere trek die advertensie die leser se aandag? (2)

3.3.4 Kyk na die prentjie in die spieël.

Watter woord of woorde sal jy in die stippels se plek invul om die sin effektief te maak. (1)

3.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Die aantal sterftes is (baie) gedurende skoolvakansies. (1)

3.5 Vorm die KORREKTE AFLEIDING van die woord tussen hakies.

Die (leer) het sonder om links of regs te kyk oor die straat geloop. (1)

3.6 Wees asseblief versigtig

Skryf die bostaande sin oor en voorsien dit van die gepaste LEESTEKEN.
(Nie 'n punt nie.) (1)
**[10]**

## Strokiesprent (10 punte)

Die **strokiesprent** is **Vraag 4** in Vraestel 1.

### Hoe om strokiesprente te ontleed

Wanneer ons met strokiesprente te doen kry, moet onthou dat jy die volgende moet weet …

- hoe om 'n strokiesprent te benader
- hoe om verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering te toon
- vra te vrae ten einde voorspelligs te maak
- om tekste te vluglees:
  - deur titels te identifiseer
  - inleidings te identifiseer
  - eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te identifiseer
  - om ondersteunende besonderhede in tekste d.m.v. soeklees op te spoor

Wanneer ons strokiesprente lees en ontleed moet ons vir onsself die volgende vrae vrae:

- Begryp ek wat ek lees?
  - Verstaan ek die strokiesprent?
  - Kan ek vertel wat gebeur?
  - Hoeveel karakters is daar?
  - Watter verband is daar tussen die karakters?
  - Waar speel die gebeure af?
  - Waarom speel die gebeure daar af?
  - Wat kan ek van die karakters se lyftaal ("body language") aflei?
  - Verstaan ek al die woorde en sinne in die geskrewe teks?
  - Wat is die boodskap in die strokiesprent.
- Kan ek vrae oor die strokiesprent beantwoord?

## ’n Voorbeeld van hoe jy ’n strokiesprent lees

Watter lewenswysheid/ feit word deur die spotprenttekenaar aangedui?

- Die kind en die ma ondersteun die feit.




Vrou lees die koerant.

’n boek

’n rusbank

Die seun loop na die rusbank toe.

’n stelling word gemaak.

’n redegewende voegwoord

Die stelling word verdedig met ’n rede.

**OEFENING 5**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.




5.1 Waar in die huis bevind die ma en die kind hulle? (1)
5.2 Waarom dink jy word slegs die ma en kind uitgebeeld? (1)
5.3 Gee die VERKLEINING van **prenteboeke.** (1)

5.4 Skryf die VERGROTENDE TRAP van **goed** neer. (1)

5.5 Vervang die woord **dan** met ŉ SINONIEM. (1)

5.6 Skryf die onderstaande sin in die **lydende vorm**.

Ma lees die koerant. (1)

5.7 Skryf die onderstaande sin in die INDIREKTE REDE.

Die seun sê: "Jy verloor niks wanneer jy ŉ ruskans neem nie." (1)

5.8 Verbind die twee onderstaande sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die ma is ŉ goeie voorbeeld. Die lees die koerant. (omdat) (2)

5.9 Watter positiewe boodskap dra die strokiesprent aan die leser oor? (1)
[10]

**OEFENING 6**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.




6.1 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die meisie vra aan die seun: ''Wat dink jy van die nuwe sjampoe?" (2)

6.2 Skryf die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies neer.

Die meisie wonder of hulle dieselfde (dink) koester. (1)

6.3 Skryf die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies neer.

Op die sjampoebottel staan "motorolie" (skrif). (1)

6.4 Skryf die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies neer.

Dit is (Japanees) motorolie. (1)

6.5 Skryf 'n woord uit raampie 2 neer wat 'n DIFTONG bevat. (1)

6.6 Wat impliseer die seun met sy woorde in raampie 2? (1)

6.7 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die seun help die meisie reg. (1)


6.8 Vul die ontbrekende BYWOORD in om die sin te voltooi.

Die seun en meisie se hare staan ____________. (1)

6.9 Watter boodskap vind jy opgesluit in die strokiesprent? (1)
**[10]**

**OEFENING 7**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.




7.1 Hoe weet 'n mens dat Calvin geniet wat hy doen? (raampie 1) (1)

7.2 Wat noem ons die STYLFIGUUR: "Doef! Doef! Doef!" in raampie 1? (1)

7.3 Hoe kan jy aan Calvin se ma se liggaamshouding sien dat sy nie saamstem met wat Calvin doen nie? Gee TWEE aanduidings. (2)

7.4 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Calvin kap die spyker op sy kop.
Begin so: Die spyker ... (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die

vraagnommer (7.5) en die antwoord neer.

Calvin is (onseker/verbaas) oor wat hy gedoen het? (raampie 3) (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer e(7.6) en die antwoord (A-D) neer, byvoorbeeld 7.6 E.

Calvin se ma is ..., want **haar hande is in haar hare** in raampie 4.

A siek
B bang
C tevrede
D moedeloos (1)

7.7 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Calvin wil weet: “Vra ma my vas?” (raampie 4)
Begin so: Calvin wil weet ... (2)

7.8 Wat dink jy, is die doel van hierdie strokiesprent? (1)
[10]

## Artikel en prent (20 punte)

Die **artikel** (14 punte) **en prent** (6 punte) is **Vraag 5** in Vraestel 1.

### Hoe om die artikel en die prent te ontleed

Wanneer ons met die artikel en die prent te doen kry, moet onthou dat jy die volgende moet weet …

- hoe om verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering te toon
- vra te vrae ten einde voorspelligs te maak
- om tekste te vluglees:
  - deur titels te identifiseer
  - inleidings te identifiseer
  - eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te identifiseer
  - om ondersteunende besonderhede in tekste d.m.v. soeklees op te spoor

Wanneer ons die artikel en die prent lees en ontleed moet ons vir onsself die volgende vrae vrae:

- Begryp ek wat ek lees?
  - Verstaan ek die teks en die prent?
  - Kan ek vertel wat gebeur?
  - Wat sê die leesteks en die prent?

- Waar speel die gebeure af?
- Waarom speel die gebeure daar af?
- Wat kan ek van die karakters se lyftaal "body language" aflei?
- Verstaan ek al die woorde en sinne in die geskrewe teks?
- Wat is die boodskap in die artikel en die prent?
- Kan ek die vrae oor die artikel en die prent beantwoord?

**OEFENING 8**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

(8.1 5) Feite wat jy nie van Labradors geweet het nie

(8.2 Labradors word gesien as die wereld se gunstelinghonde.) Hulle het hul oorsprong in Newfoundland en Labrador in Kanada. Daar is tans twee tipes Labradors: Engels (klein en dik) en Amerikaans (rats en skraal).

(8.4 Labradors is geteel om vissermanne te help) met jag en om bote te trek. Hulle tone het webbe en hul sterte lyk soos dié van 'n otter. Dit is hoekom alle (8.6 Labradors daarvan hou om te swem) en om goed op te spoor.

(8.7 Hul pelse is so dat dit nie water deur laat nie) en hou hitte binne wanneer hulle swem. (8.8 Labradors is of swart of geel of bruin.)

(8.9 Labrador Retriever-babahondjies - met 28 babatandjies - is lief daarvoor om goed te kou,) maar ouer Labradors - met 42 volwasse tande – (8.10 hou daarvan om dinge in hule bekke te hou) en kan glo 'n eier in hul bek hou sonder dat dit breek.

(8. 11 Labradors het 'n wonderlike, betroubare geaardheid. Hulle is een van die beste soort honde om saam met kinders te hê.) (8.12 Hulle is ook uitstekende werkerhonde) met 'n sorgsame speur-natuur, wat hulle ideaal maak vir polisiewerk en uitmuntend om as gidshonde te werk.

**Lief vir Labradors?** Besoek http://www.guidedog.org.za vir meer inligting.

8.1 Skryf die syfer, **5,** in woorde. (1)

8.2 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin.

Labradors word gesien as die wereld se gunstelinghonde. (1)

8.3 Kies die KORREKTE WERKWOORD

Die Labradors is na die plek, Labrador in Kanada, (vernoem/genoem). (1)

8.4 Gee die KORREKTE BYVOEGLIKE NAAMWOORD

Die (Amerikaans) Labradors is rats en skraal. (1)

8.4 Skryf die ONTKENNENDE VORM deur die onderstreepte woord te verander.

Labradors is geteel om vissermanne te help. (1)

8.5 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Alle Labradors hou daarvan om te swem. (1)

8.6 Gee die PERSOONSNAAM vir die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (8.6) en die antwoord neer.

Labradors is goeie (swem). (1)

8.7 Gee EEN WOORD vir die omskrywing tussen hakiees.

Hul pelse is (so dat dit nie water deur laat nie). (1)

8.8 Voeg die GEPASTE SKRYFTEKENS op die korrekte woorde in die sin.

Labradors is of swart of geel of bruin. (1)

8.9 Vervang die aandagstrepe met ander GEPASTE LEESTEKENS.

Labrador Retriever-babahondjies - met 28 babatandjies - is lief daarvoor om goed te kou. (1)

8.10 Verander die STELSIN na 'n VRAAGSIN.

Labradors hou daarvan om dinge in hule bekke te hou. (1)

8.11 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. Skryf die sin as antwoord neer.
Labradors het 'n wonderlike, betroubare geaardheid. Hulle is een van die beste soort honde om saam met kinders te hê. (daarom) (1)

8.12 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Hulle is ook uitstekende werkerhonde.
Begin so: Hulle behoort ... (1)

8.13 Verander die VRAAGSIN na 'n STELSIN.

Is jy lief vir Labradors? (1)

/14/

## Bibberweer tref NK



In Sutherland, een van die koudste plekke in die Noord-Kaap, het temperature tot so laag as -11 grade Celcius gedaal. Foto: Facebook: SA Reënverslae/Lynette Muller

(8.14.2 Eisige/Ysige) oggendtemperature is dié week in die Noord-Kaap, Vrystaat en Noordwes ervaar nadat 'n (8.14.3 *cold front*) die naweek van die Wes-Kaap oor die sentrale binneland beweeg het. Terwyl temperature in Kimberley glo tot so laag as -7°C gedaal het, het temperature in Sutherland in die Noord-Kaap, wat bekend staan as een van die koudste dorpe in Suid-Afrika, tot -11°C gedaal.

Noordkaap-Nuus, 19 Julie 2017

8.14 Bestudeer die berig hierbo en beantwoord die vrae. Skryf net die vraagnommer (8.14.1-8.14.6) en die antwoord neer.

8.14.1 Voltooi die sin met die KORREKTE TUSSENWERPSEL om die koue uit te druk.

(...!) Dit is baie koud. (1)

8.14.2 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

(Eisige/Ysige) oggendtemperature is dié week in die Noord-Kaap, Vrystaat en Noordwes ervaar. (1)

8.14.3 Gee die KORREKTE AFRIKAANSE WOORD vir die woord tussen hakies.

'n (*Cold front*) het die naweek van die Wes-Kaap oor die sentrale binneland beweeg. (1)

8.14.4 Voltooi die sin met die KORREKTE BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

Die temperatuur in Sutherland was ... as dié in Kimberley. (1)

8.14.5 Voltooi die sin met die KORREKTE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

In Sutherland het die ... op die grond gelê, omdat dit -11 grade Celcius was. (1)

8.14.6 Voltooi die sin met die KORREKTE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.
Die ... is sonder blare, omdat dit winter is. (1)
/6/
[20]

**OEFENING 9**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**Artikel**

# Brood se (9.1 goed) kant

deur Doreen Molefe



**BROOD word** (9.2 **elke dag**) **deur Suid-Afrikaners geëet.** Dit is hulle stapelvoedsel.

(9.3 Brood) bevat baie voedingstowwe soos vitamine A, yster en sink. Die regering het gesê dat minder sout in brood gevoeg moet word. (9.4 Dit bring mee dat brood minder sout bevat.)

(9.5 Volgens Jane Badham 'n dieetkundige maak brood dat 'n mens baie soorte kos eet.)

(9.6 "Dink net aan al die gesonde vulsels wat ons in ons toebroodjies kan plaas.) Dink aan kaas, tamatie en blaarslaai, frikadelle, wors, ham, (9.7 ens.)."

(9.8) 'n Mens vergelyk 100g rys, pasta of mieliemeel. Brood is die (9.1 goeie) vorm van koolhidrate, proteine en vesel.

Brood word as stysel in die plek van rys en pap saam met (9.9 heerlike) kos geniet. Suid-Afrikaners het egter baie keer 'n eentonige (9.10 dieet). (9.11 Dit maak dat hulle 'n tekort aan voedingstowwe het.)

Kom laat ons brood eet! Eet dit saam met gesonde vulsels. "Daar is regtig geen einde aan die kombinasies wat 'n mens op die brood kan (9.14 sit) nie," sê Badham.

9.1 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (9.1) en die antwoord neer.

Brood se (goed) kant (1)

9.2 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Brood word (elke dag) deur Suid-Afrikaners geëet. (1)

9.3 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

(Brood) bevat baie voedingstowwe soos vitamine A, yster en sink. (1)

9.4 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Dit bring mee dat brood minder sout bevat. (1)

9.5 Vul die korrekte LEESTEKEN(S) in. Onderstreep die leesteken wat jy ingevul het.

Volgens Jane Badham ŉ dieetkundige maak brood dat ŉ mens baie soorte kos eet. (1)

9.6 Skryf die afkorting tussen hakies VOLUIT.

Dink aan kaas, tamatie en blaarslaai, frikadelle, wors, ham, (ens.)." (1)

9.7 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Dink net aan al die gesonde vulsels wat ons in ons toebroodjies kan plaas. (1)

9.8 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. Skryf die sin as antwoord neer.

ŉ Mens vergelyk 100g rys, pasta of mieliemeel. Brood is die beste vorm van koolhidrate, proteine en vesel. (as) (1)

9.9 Gee die SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Brood word as stysel in die plek van rys en pap saam met (heerlike) kos geniet. (1)

9.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Suid-Afrikaners het egter baie keer eentonige (dieet). (1)

9.11 Verander die STELSIN na ŉ VRAAGSIN.

Dit maak dat hulle ŉ tekort aan voedingstowwe het. (1)

9.12 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Ons eet nie net brood nie.
Begin so: Ons behoort ... (1)

9.13 Verander die VRAAGSIN na ŉ STELSIN.

Is brood gesond? (1)

9.14 Vervang die woord tussen hakies met ŉ gepaste WERKWOORD.

Daar is regtig geen einde aan die kombinasies wat ŉ mens op die brood kan (sit) nie (1)
/14/



9.15 Bestudeer die prent hierbo aandagtig en beantwoord die vrae. Skryf net die vraagnommer (9.15.1-9.15.6) en die antwoord neer.

9.15.1 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

Die hoenders is veilig agter die (omhuining/omheining). (1)

9.15.2 Voltooi die sin met die korrekte WERKWOORD wat klanknabootsing aandui.

Die hen ... al van vroegoggend af. (1)

9.15.3 Gee die KORREKTE AFRIKAANSE WOORD vir die woord tussen hakies.

Sy staan op die (*stairs*). (1)

9.15.4 Voltooi die sin met die korrekte MANLIKE VORM.

Die hen en die ... maak lawaai.

9.15.5 Vorm ŉ SAMESTELLING met die woord tussen hakies.

Die hoenders woon in die (hoender + hok). (1)

9.15.6 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

Soggens met (sonsondergang/sonopkoms) kom hulle uit die hok. (1)
/6/
[20]

## Taalstrukture en –konvensies - inhoud wat ek moet ken

Maak asseblief seker dat jy al jou **formele assesseringstake** vir die jaar **voltooi**.

| **WOORDSTRUKTURE**<br>( woordbetekenis en woordgebruik) | √ | **SINSTRUKTURE**<br>WOORDSOORTE (Identifiseer en gebruik) | √ |
|---|---|---|---|
| Spel en gebruik alledaagse woorde korrek | | Voorsetsels in vaste en vrye verbindings | |
| | | Telwoorde | |
| Het jy 'n persoonlike spellys? | | Werkwoorde | |
| Afkortings en akronieme | | Selfstandige naamwoorde | |
| Woordeboek- en tesourusgebruik | | Voornaamwoorde | |
| Afleidings | | Byvoeglike naamwoorde | |
| Samestellings | | Bywoorde | |
| Samestellende afleidings | | Voegwoorde | |
| Geslagsvorm | | Tussenwerpsels | |
| Meervoudsvorme | | Lidwoorde en aanwysende woorde | |
| Verkleining | | Selfstandige, koppel en hulpwerkwoorde | |
| Trappe van vergelyking | | Deelwoorde ook in vaste verbindings | |
| Verboë vorme van woorde | | Tye: teenwoordig, verlede en toekomend | |
| Intensiewe vorme | | Gebruik die infinitief gepas en korrek | |
| Leenwoorde | | Onderwerp, voorwerp en gesegde | |
| Herken polisemie | | Gebruik bywoordelike en byvoeglike bepalings om sinne uit te brei | |
| Homonieme | | | |
| Homofone | | Gebruik bywoordelike en byvoeglike Bysinne | |
| Woordeskat (woorde wat verwar word) | | | |
| Sinonieme | | Herken en gebruik sinsoorte soos stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroep en instruksie korrek. | |
| Antonieme | | | |
| Paronieme | | Gebruik lydende en bedrywende vorm | |
| Een woord vir 'n omskrywing | | Gebruik direkte en omdirekte rede | |
| | | Gebruik ontkennende vorm | |
| **KRITIESE TAALBEWUSTHEID** | | | |
| Verduidelik denotasie en konnotasie | | | |
| Geïmpliseerde betekenis | | Oefen korrekte woordorde | |
| Eksplisiete en verskuilde boodskappe | | | |
| Waardes en houdings van sprekers | | Korrekte punkstuasie | |
| Identifiseer partydigheid | | | |
| Stereotipering | | Figuurlike taal, idiome, idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde | |
| Gevoelstaal | | | |
| Oorredingstaal | | | |

## Ietsie om te leer

## Die tye: verlede tyd, teenwoordige tyd en toekomende tyd



| | |
|---|---|
| Teenwoordige tyd<br>**Slegs die werkwoord** | → Ma **trek** geld. |
| Verlede tyd<br>**het + ge-** | → Ma **het** geld **getrek**. |
| Toekomende tyd<br>**sal** | → Ma **sal** geld **trek**. |

**Werkwoorde: be-, her-, er-, ont-, ver-, mis-**



| | |
|---|---|
| Teenwoordige tyd<br>**Slegs die werkwoord** | → Die kelner **bedien** die drankies. |
| Verlede tyd<br>**het + GEEN ge-** | → Die kelner **het** die drankies **bedien**. |
| Toekomende tyd<br>**sal** | → Die kelner **sal** die drankies **bedien**. |

**Werkwoorde is, was, sal**
**(dis = dit is)**



| | |
|---|---|
| Teenwoordige tyd<br>**is** | → Die kind **is** siek. |
| Verlede tyd<br>**was** | → Die kind **was** siek. |
| Toekomende tyd<br>**sal + wees** | → Die kind **sal** siek **wees**. |

**Werkwoord 'het' in teenwoordige tyd**



| |
|---|
| Teenwoordige tyd<br>**Net die werkwoord** |

...g and teaching for all
HIV/AIDS is everyone's concern

MIKPUNT? 100% slaag


| | |
|---|---|
| | → Ek **het** mooi skoene. |
| Verlede tyd<br>**het + gehad** | → Ek **het** mooi skoene **gehad**. |
| Toekomende tyd<br>**sal + hê** | → Ek **sal** mooi skoene **hê**. |

Werkwoord + voorsetsel (preposition) ondersoek, opkom, ondergaan, inneem



| | **opkyk** |
|---|---|
| Teenwoordige tyd<br>**Die werkwoord verdeel** | → Die meisie **kyk op**. |
| Verlede tyd<br>**het + -ge-** | → Die meisie **het opgekyk.** |
| Toekomende tyd<br>**sal + ww en voorsetsel** | → Die meisie **sal opkyk.** |

**Hulpwerkwoord + werkwoord**
**moet**>moes, **wil**>wou, **kan**>kon, **sal**>sou



| | |
|---|---|
| Teenwoordige tyd<br>**Slegs die werkwoord** | → Die seun **moet** 'n opstel skryf. |
| Verlede tyd<br>**Verander NET in die verlede tyd** | → Die seun **moes** 'n opstel skryf. |
| Toekomende tyd<br>**sal** | → Die seun **sal** 'n opstel skryf. |

**Hulpwerkwoorde gaan, laat, kom aan die einde van sin voor die werkwoord**



| |
|---|
| Teenwoordige tyd<br>**hulpww + werkwoord** |

→ Hulle **gaan** onder die boom **sit.**

| Verlede tyd<br>**het + hulpww en ww** | → Hulle **het** onder die boom **gaan sit.** |
|---|---|
| Toekomende tyd<br>**sal** | → Hulle **sal** onder die boom **gaan sit**. |

Twee werkwoorde in sin SONDER voegwoord: Beide aan die einde van die sin





| Teenwoordige tyd<br>**Slegs die werkwoord** | → Hulle **hoor** die hond **blaf**. |
|---|---|
| Verlede tyd<br>***het* + *GEEN 'ge-'*** | → Hulle **het** die hond **hoor blaf**. |
| Toekomende tyd<br>**sal** | → Hulle **sal** die hond **hoor blaf**. |

**Twee werkwoorde verbind met "en" – sit, loop, lê, staan, fluit, eet**



| Teenwoordige tyd<br>**Slegs die werkwoord** | → Die man **loop en lees.** |
|---|---|
| Verlede tyd<br>***het* + *'ge-'* vir eerste ww** | → Die man **het geloop en lees.** |
| Toekomende tyd<br>**sal + ww** | → Die man **sal loop en lees.** |

## Lydende en bedrywende vorm (Passive and active voice)



| TYD | BEDRYWENDE(Aktiewe)VORM | LYDENDE (Passiewe) VORM |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| STELLINGS (STATEMENTS) | | |
| Teenwoordige tyd | Die meisie lees die boek. | Die boek word deur die meisie gelees. |
| Verlede tyd | Die meisie het die boek gelees. | Die boek is deur die meisie gelees. |
| Toekomende tyd | Die meisie sal die boek lees. | Die boek sal deur die meisie gelees word. |
| Voltooide verlede tyd (hierdie konstruksie word min gebruik.) | Toe ek daar kom, het die meisie al die boek gelees. | Toe ek daar kom, was die boek al deur die meisie gelees. |
| | | |
| VRAE | | |
| Teenwoordige tyd | Lees die baba die meisie die boek?<br>Wat lees die meisie? | Word die boek deur die meisie gelees?<br>Wat word deur die meisie gelees? |
| Verlede tyd | Het die meisie die boek gelees?<br>Wie het die boek gelees?<br>Hoekom het sy dit gedoen? | Is die boek deur die meisie gelees?<br><br>Deur wie is die boek gelees?<br>Hoekom is dit deur haar gedoen? |
| Toekomende tyd | Sal die meisie die boek lees?<br><br>Watter meisie sal die boek lees? | Sal die boek deur die meisie gelees word?<br>Deur watter meisie sal die boek gelees word. |
| | | |
| BEVELE (Commands) | | |
| | Lees dadelik die boek! | Die boek moet dadelik gelees word. |
| | Jy mag nie hier lees nie. | Hier mag nie gelees word nie |
| | Lees die boek. | Die boek moet gelees word. |
| Let wel: HULLE, 'n MENS, DIE MENSE word nie in die lydende vorm herhaal nie. | 'n Mens moet dit so doen.<br><br>Hulle sê hy is bang.<br>Hulle beweer dat die kind die boek gelees het. | Dit moet so gedoen word.<br><br>Daar word beweer hy is bang.<br>Daar word beweer dat die boek deur die kind gelees is. |

## Direkte en indirekte rede *(Direct and indirect speech)*

Dit gebeur elke dag dat ons vir iemand iets vertel wat iemand anders gesê het. As ons dit doen, gebruik ons die indirekte rede.

Direkte rede: Hy sê : "Ek gaan dorp toe."
Indirekte rede: Hy sê hy gaan dorp toe. OF Hy sê dat hy dorp toe gaan.

1 Die volgende voornaamwoorde verander:

| Direkte rede | | Indirekte rede |
|---|---|---|
| ek | word | hy of sy |
| jy | → | hy of sy |
| myne | → | syne of hare |
| joune | → | syne of hare |
| ons | → | hulle |
| julle | → | hulle |
| ons s'n | → | hulle s'n |
| julle s'n | → | hulle s'n |

2 Bywoorde van plek en tyd wat verander

| Direkte rede | | Indirekte rede |
|---|---|---|
| nou | word | toe |
| hierdie | → | daardie |
| hier | → | daar |
| hiernatoe | → | daarnatoe |
| hierheen | → | daarheen/ daarnatoe |
| gister | → | die vorige dag |
| eergister | → | twee dae tevore |
| vandag | → | daardie dag |
| môre | → | die volgende dag |
| oormôre | → | oor twee dae |

3 Vrae wat met werkwoorde of hulpwerkwoorde begin :

Byvoorbeeld: het, moet, wil, kan, is, was, weet, sal, neem, ens.
Het jy my boek gesien?
Moet ek jou later skakel?
Wil jy vanaand gaan uiteet?

Gebruik die woord <u>of</u> en plaas die werkwoord of hulpwerkwoord aan die einde:
Voorbeeld : Direkte rede: Hy vra: "Is jy die wenner?"
Indirekte rede: Hy vra of ek die wenner is.

4 vrae wat met vraagwoorde begin:
Byvoorbeeld: wat, wanneer, wie, hoe, laat, waarmee, watter, hoekom, hoe laat, waarom, ens.

Werkwoorde gaan aan die einde van die sin (Moenie die woord of gebruik nie.)
Voorbeeld: Direkte rede - Hy vra : "Wie het die prent geteken?"
Indirekte rede - Hy vra wie die prent geteken het?

As die eerste gedeelte (d.w.s. die deel buite die aanhalingstekens)

In die TEENWOORDIGE TYD is - bly dit teenwoordig in die INDIREKTE REDE.

In die VERLEDE TYD is - bly dit in the VERLEDE in die INDIREKTE REDE

Voorbeeld: 1. Hy sê: "Ek gaan die potlood leen."
Hy sê dat hy die potlood gaan leen.

2. Hy het gesê: "Ek moet my tuiswerk voltooi."
Hy het gesê dat hy sy tuiswerk moes voltooi.

3. Sy sê: "Môre is dit my verjaarsdag."
Sy sê dat dit die volgende dag haar verjaarsdag is.

## Idiomatiese woordgebruik (Konnotatiewe betekenis)

Kyk na die onderstaande idiome en kyk of jy weet wat elkeen beteken.
Voor op die wa wees.
Om voorbarig of vrypostig te wees.

In die ou dae moes kinders gesien en nie gehoor word nie. Hulle moes agter op die wa ry terwyl net sekere mense voor in die wa kon ry.
Nog voorbeelde:
Hy is 'n barmhartige Samaritaan.
Hy is hulpvaardig.

- In die Bybel word verwys na die barmhartige Samiritaan en daarom het die idioom ontstaan, a.g.v. die Bybelse verbintenis/assosiasie.

Hy het 'n klap van die windmeul weg.
Hy is nie reg wys nie. /Hy is nie 100% by sy volle verstand nie./Daar is 'n paar skroewe los.

Hy is met die maan gepla.
Hy is nie reg wys nie. /Hy is nie 100% by sy volle verstand nie.

Baie mense het destyds geglo dat as iemand hul gesig na die maan toe draai, hulle hul verstand sou verloor.

Hy lieg soos 'n tandetrekker.

Hy jok verskriklik baie./ Hy kan verskriklik baie leuens vertel.
Hy soek na ’n naald in ’n hooimied.
Hy probeer die onmoontlike doen.

Dis mos moeilik om ’n naald te soek, veral in ’n hooimied.

Kom ons kyk ook na die volgende idiome en uitdrukkings en ons kyk of ons die betekenis kan opsoek in woordeboeke.

Agteros kom ook in die kraal.
Die stadige werker sal ook klaar kry met sy/haar werk.
Die aap uit die mou laat.
Die geheim verklap.

So kan elk van hierdie idiome of uitdrukkings in die woordeboek nageslaan word, asook die betekenis daarvan.

Samevatting
Idiome is uitdrukkings wat meestal met afleidings of assosiasies gepaard gaan.
Daar moet dus na ’n dieper betekenis in ’n idioom of uitdrukking gesoek word.